
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



**Geloof is uit die gehoor
en die gehoor is deur die Woord
van God Rom. 10:17**

**Faith cometh by hearing
and hearing by
the Word of God. Rom. 10:17**

Written Messages can be sent to us via **WhatsApp** on : **079 067 2984**
E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com/ Web: stangerchristiancentre.com

As mentioned in our previous Newsletter ,we are so excited to announce the launch of our brand new website!

You are now able to read and download all our books and previous newsletters and listen to Dr James van Zyl ministering. We will be adding more dvd's and podcast sermons of Dr James van Zyl .
Please have a look at our website: **"www.stangerchristiancentre.com"**

DIE KRAG VAN VERGIFNIS

Onvergifnis is sonder twyfel die hoofrede waarom gebede nie beantwoord word nie. Toe Jesus Sy dissipels geleer het om te bid (die Onse Vader) in **Matt. 6,** sê Hy in **vers 12:" En vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;"** Jesus het Sy volgelinge geleer dat vergifnis noodsaaklik is wanneer ons bid, en verder in dieselfde hoofstuk (verse 14 en 15) beklemtoon Hy hierdie waarheid: **"Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle Hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie."** Vergifnis is noodsaaklik in ons verhouding met ons Hemelse Vader, die feit is dat jy nie `n goeie verhouding met jou Hemelse Vader kan hê en `n slegte verhouding met andere nie.

Vergifnis maak ons vry en dit is die enigste manier wat ons bevry kan word van die kettings en boeie wat ons vir onsself geskep het. Vergifnis bevry ons van die pyn en straf van sonde. Om te vergewe is `n nuwe begin en nog `n kans. Vergifnis is die kansellasie van skuld. Dit verwyder `n wrok en deel met haat, en sy krag vernietig die tronk van bitterheid. Vergifnis bring vrede en vreugde in die huis, in die huwelik en werkplek. Vergifnis veroorsaak geestelike, fisiese en verstandelike genesing vir die een wat vergewe. Dit bevry ons siel en reinig ons van sonde. Mediese navorsing het bevestig dat onvergifnis en bitterheid, maagsere, hoëbloeddruk wat beroerte kan veroorsaak, hartkwale, slaaploosheid en verstandelike marteling, kan veroorsaak. Dit is beslis `n goeie rede vir ons om onsself te wil bevry van al die soorte wrokke en haat.
God het die mens met `n vrye wil geskape, wat hom in staat stel om keuses te maak. Wanneer ons kies om volgens God se Bybelse beginsels te leef, lei elke keuse wat ons maak na die lewe. Wanneer ons egter verkies om nie volgens God se bevele in Sy Woord op te tree nie, sal dit tot die dood lei. Hy sê in Sy Woord in **Deut. 30 vers 19: "Ek neem vandag as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek; kies dan die lewe....** Wanneer ons besluit om aan God gehoorsaam te wees, "kies" ons inwerkikheid "lewe" in sy volheid. Vergifnis is `n keuse, jy kan kies om te vergewe, ten spyte van jou gevoel. Die keuse om te vergewe is `n Koninkryk beginsel, en sal Koninkryk belongings bring.

Dr James het altyd vertel van die tyd toe God ann hom die beginsel van vergifnis in aksie gewys het. In een van sy genesingsdienste gehou in `n groot ouditorium, waar duisende mense teenwoordig was, het hy `n man in `n rolstoel opgemerk, die man het heel agter gesit. Dr James het gepraat oor die noodsaaklikheid en belangrikheid om diegene wat ons te na gekom en seer gemaak het, te vergewe, voordat ons ons versoeke na God kan bring. Dr het verduidelik dat onvergifnis `n groot sonde in God se oë is, omdat Hy Sy enigste, vlekkelose Seun, wat sonder sonde was, gestuur het om vir ons te sterf, sodat ons vergewe kan word. Dit is dan nie onredelik van Hom om van ons te verwag, om diegene wat teen ons gesondig het, te vergewe nie.
Dr het genoem dat ons onwetend God verhinder om in ons lewens te werk deur aan onvergifnis vas te klou, en die oomblik wanneer ons die keuse maak om te vergewe, open ons die kanaal van God se seën aan ons. Die volgende oomblik het Dr gesien dat hierdie man uit sy rolstoel opstaan en met strompelende tree na Dr aangestap kom. Hoe nader hy aan die verhoog geloop het, hoe vaster het hy op sy voete geraak en teen die tyd dat hy dr bereik het, het hy met opgehefde arms God geloof en geprys. Hy was vir 15 jaar aan die rolstoel gekluister, nadat hy in `n motorongeluk betrokke was, wat veroorsaak het dat hy `n parapleeg geword het. Vir 15 jaar het hy `n geweldige bitterheid en `n wrok gedra teenoor die bestuurder wat die ongeluk veroorsaak het, terwyl hy onder die invloed van drank was. Hy het dag en nag planne beraam hoe hy wraak kon neem op die een wat aan hom soveel lyding veroorsaak het. Hy het dr vertel dat toe hy hom hoor sê het dat dit noodsaaklik vir hom is om sy vyand te vergewe, hy besef het wat om te doen, sodat hy sy genesing uit die Hand van God kan ontvang. Daar en dan het hy gesê: “ God vergewe my omdat ek onvergifnis en `n wrok gekoester het, teenoor die man wat my vir so lank in `n rolstoel geplaas het. Ek vergewe hom nou onvoorwaardelik, en vra dat U my asb. sal vergewe.”

Dr vertel hoe die man met trane van vreugde, getuig het hoedat hy daardie minuut gevoel het dat krag na sy verswakte ledemate terug gekom het, en dat dit vir hom moontlik was om na al daardie tyd te staan, en stadig een voet voor die ander gesit het, een tree op `n keer en uiteindelik gevind het dat hy weer kan loop. Wat `n vreugde en verheerliking was daar nie by daardie byeenkoms nie, almal se oë was vol trane. Die krag van vergifnis kan nie onderskat word nie, so ook die binding van onvergifnis. Jy sien vergifnis is nie vir die ander persoon se voordeel nie. Dit is vir jou voordeel. As iemand jou seergemaak en gekrenk het, moet jy vir JOU emosionele genesing, JOU geestelike voorspoed en vir JOU toekomstige welstand, hulle vergewe en bevry, en jy sal in die Naam van Jesus vry wees omdat daar vryheid in vergifnis is.
Dit maak nie saak wie die skuldige is nie, of dit `n eggenoot, vrou, vader, moeder, kind, vriend, broer of suster in Christus is, dit IS moontlik om hulle te vergewe as jy besluit het om dit te doen. Die Here sal jou help die oomblik wanneer jy die regte besluit geneem het. Jy mag dit nie besef nie, maar as jy onvergifnis teenoor `n ander persoon koester, is jy in werklikheid betrokke in manipulasie, wat `n soort van heksery is. Die binding van onvergifnis is tweevoudig, jy bind jouself in die gees aan die persoon wat jou seergemaak het, deurdat jy weier om hulle te vergewe. Jy gebruik dit onwetend as `n beheer wapen oor daardie persoon en die bitterheid, wat vermenigvuldig in jou gees, word deur jou mond uitgedruk, wat haat en gif uitspoeg en die om jou aansteek. Die enigste manier om hierdie bose kringloop te stop, is deur te kies om te vergewe en om volkome te vergewe. Dit is God se wil vir jou lewe.

Vergewe Jouself
Daar is diegene (miskien is jy een van hulle), wat dit moeilik vind om hulself te vergewe, as gevolg van sonde in hul verlede. Satan beskuldig jou aanhoudend dat die sonde wat jy gepleeg het, te groot is vir God om te vergewe en jy glo hierdie leuen. Dit is presies wat dit is, `n leuen uit die put van die hel, want daar is geen sonde wat te groot is vir die reinigende Bloed van Jesus nie! Ons lees in **1 Joh.1:9: As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van ALLE ongeregtigheid te reinig.** Vergifnis kan nie verdien word nie, tog lei die skuldgevoel van onbelyde sonde mense om vergifnis by God te kry, deur dinge vir Hom te doen, soos om vir die kerk te werk of om groot offergawes te gee. Hulle dink dat God hulle goeie dade sal sien en hul sondes vergewe. Dit is egter slegs die Bloed van Jesus wat ons van sonde reinig en daardie reiniging vind plaas wanneer ons bely en berou het oor ons sonde en vergifnis ontvang deur God se genade. Jy kan nie vergifnis deur goeie werke ontvang nie, want daar staan in die Bybel dat ons geregtigheid soos vuil vodde is, tog deur God se wonderbaarlike genade sal Hy jou reinig en wit soos sneeu maak, deur Sy onvoorwaardelike liefde vir jou. Ons lees in **Ef. 2:4 en 5: Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur Sy grote liefde waarmee Hy ons**

liefgehad het, ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus – uit genade is julle gered. Om jouself te vergewe is dikwels die moeilikste deel van vergifnis, jy kan ander mense se foute vergewe, maar jy kan jouself nie vergewe nie. Vergifnis is `n geskenk van God, en soos met enige geskenk, kan ons dit slegs met dankbaarheid en danksegging ontvang. As God jou vergewe het, vergewe jouself. As God dit vergeet het, vergeet dit. Ons lees in **Ps.103:12:So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge(sondes) van ons.**

Dit is omdat God genadig en gewillig is om ons te vergewe, dat ons as Sy kinders, dieselfde houding en gewilligheid moet hê om andere te vergewe. Dit is wat Hy van ons verwag, omdat dit Sy geaardheid is, en wanneer ons in Christus is, het ons die natuur (geaardheid) van Jesus. In **Matt.5:23-24** staan geskrywe: **As jy dan jou gawe na die altar bring en dit jou daar byval dat jou broeder iets teen jou het, laat jou gawe daar voor die altar bly en gaan versoen jou eers met jou broeder, en kom dan en bring jou gawe.** God sal nie `n offerande van `n miljoen rand van iemand aanvaar, wat nie in harmonie met sy broeder wandel nie en die Here beklemtoon weereens die belangrikheid van vergifnis en versoening, voordat ons na Hom met ons gebedsversoeke kom. In **Mark.11:25-26** herinner Jesus ons aan hierdie feit, deur te sê: **En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemel is, ook julle jul oortredinge mag vergewe. Maar as julle nie vergewe nie, sal julle Vader wat in die hemel is, ook julle oortredinge nie vergewe nie.** Dit is so belangrik vir God dat ons in die lig van Sy Woord sal wandel, en ons sien in **1 Joh.1;6-7;As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie. Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, Sy Seun, reinig ons van alle sonde.** Jy moet jou versoen met die een wat jou seergemaak het en dit word gedoen deur die inisiatief te neem en die Here vir wysheid te vra hoe om dinge reg te maak. Hy mag sê dat jy na die persoon toe moet gaan en om vergifnis moet vra, selfs al het jy nie die probleem, wat tussen julle bestaan, veroorsaak nie. Wat die Here ookal op jou hart lê, doen dit asof vir Hom en Hy sal jou begeerte tot gehoorsaamheid aan dit wat Hy van jou verwag, eer. Moet nie hierdie bevel van God as onregverdig beskou nie, onthou dat Hy weet wat die beste vir jou is, Hy wil jou vry hê en om Sy vreugde, vrede en liefde in jou hart te herstel. Ek het gehoor dat om bitterheid, onvergifnis en `n wrok teenoor iemand te hê, dieselfde is asof jy elke dag `n bietjie gif neem en hoop dat die ander persoon sal sterf! Hoe waar is dit nie. Die feit dat God vergifnis as uiters belangrik beskou word in Mat, 18:21-22 aan ons oorgedra. Petrus het vir Jesus gevra hoeveel keer jy iemand moet vergewe wat teen jou gesondig het. Petrus het gedink dat dit sewe maal moet wees, want die Hebreeus se tradisie het geleer dat jy `n baie spesiale persoon is as jy iemand sewe keer kan vergewe, wat teen jou gesondig het. Jesus het in vers **22** geantwoord: **“ Ek sê vir jou, nie tot sewe maal toe nie, maar tot sewentig maal sewe toe.”** Dit is 490 keer! Hier leer Jesus `n Koninkryk beginsel, en daardie beginsel is dat Hy wil hê jy moet vergifnis soveel keer toepas, dat jy dit later outomaties sal doen, sodat dit uiteindelik `n gewoonte, tot jou voordeel, sal wees. `n Gewoonte wat sal veroorsaak dat jy niemand se sonde sal onthou nie, nie sal probeer om iemand anders se lewe te regeer nie en nie sal probeer om God se regter te wees nie. Jy het netso vergewens gesind geword soos Hy.
Jesus het die volgende gelykenis in Mat. 18:21-35 vertel, wat bedoel is om hierdie waarheid vir ons te skilder.

Daar was `n koning wat sy dienskeng geroep en beveel het om die 60 miljoen rand wat hy hom geskuld het terug te betaal. Dit was vir die dienskneg onmoontlik om so `n geweldige groot bedrag terug te betaal, en so het die koning beveel dat die dienskneg en sy gesin verkoop moes word om die skuld te betaal. Die dienskneg het egter die koning om genade gepleit en gesmeek dat die koning die besluit moet heroorweeg, en die koning wat vol genade en medelye was het die dienskneg vergewe en al die skuld afgeskryf. Hierdie selfde dienskneg het egter na sy mededienskneg gegaan, wat hom net twintig rand geskuld het, hom aan die keel gegryp en gesê: “ Betaal, wat jy my skuld!” Die mededienskneg het voor hom neer geval en hom gesmeek: “ Wees net geduldig met my, en ek sal alles aan jou betaal.” Toe het hierdie dienskneg wat vergifnis ontvang het, sy mededienskneg in die tronk gegooi omdat hy nie sy skuld kon betaal nie. Toe die koning ontdek het wat die dienskneg gedoen het, was hy kwaad en het gesê: **“Jou slegte dienskneg, al daardie skuld het ek jou kwytgeskeld, omdat jy my gesmeek het; moes jy nie jou mededienskneg ook barmhartig gewees het nie?” En sy heer het hom in toorn oorgegee aan die pynigers totdat hy sou betaal het alles wat hy hom skuldig was. So sal ook my hemelse**

Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie.

In hierdie gelykenis verteenwoordig die koning Jesus Christus, en die eerste dienskneg is ek en jy. Die 60 miljoen rand verteenwoordig die geweldige skuld wat ons as sondaars, aan God verskuldig is. As ons die skuld van ons sonde, oordink, al die verkeerde dinge wat ons gesê en gedoen het, dan kyk ons na God se groot vergifnis teenoor ons en dit is soos 60 miljoen rand skuld, wat onmoontlik is om terug te betaal. Ek en jy verdien nie vergifnis nie, ons verdien in werklikheid die hel. God het egter in Sy meegevoel, dit vir ons moontlik gemaak om ons skuld te betaal, deur Jesus Christus op Golgota. Hy het my en jou so lief, dat Hy ons skuld vergewe het, toe Jesus die prys vir ons op Golgota betaal het. Jesus is gevange geneem deur wrede Romeinse soldate in die Tuin van Getsemane, waar Hy druppels bloed gesweet het, terwyl Hy die besluit geneem het om Sy Vader se wil te doen, om vir my en jou sondes gekruisig te word. Hy was bespot, op gespoeg en hom met hul hande, stokke en riete aangerand en gesê:" profiteer wie jou slaan."

Hy was gegesel met `n kats, wat bestaan het uit nege leerrieme, waarin stukkies been, glas en metaal geweef is. Nege-en-dertig houe is op Sy rug en bors geslaan. Die Bybel vertel ons dat Sy liggaam soos `n geploegte veld gelyk het en dat Hy onherkenbaar vermink was. Jesus is aan `n kruis gespyker, spykers is deur Sy gewrigte en voete geslaan. Hy het daar vir ses ure gehang, van 12 uur tot 3 uur, toe dit donker geword het en die gordyn in die tempel van bo na onder geskeur het. Hy het vir my en jou gebloei en gesterf en die Bybel verklaar dat ons deur Sy wonde genesing ontvang het, en deur Sy bloed wat gestort is, ontvang ons vergifnis van sonde. Die oomblik toe Jesus gesterf het, is al ons sonde, ongeregtigheid en vuilheid op Hom gelaai. God kon nie langer na Sy Seun kyk nie, as gevolg van ons sonde.

Jesus het uitgeroep: " My God, waarom het U My verlaat?" God kon nie langer na Sy Seun kyk nie , omdat my en jou sonde Hulle geskei het. Die smart dat Jesus vir die eerste keer in Sy lewe van Sy vader verwyder is, was die grootste pyn wat Hy op die kruis verduur het. Maar hierna is Hy weer met Sy Vader herenig want Hy het uitgeroep: "dit is volbring en in U hande gee ek My gees oor". Jesus was vir ons sondes vervloek, sodat ons die vloek kon vryspring. Hy het gesterf sodat ons kan leef, en dit is die rede waarom ons vergewe kan word. Nie omdat ons goed of regverdig is nie, maar omdat die sondelose, vlekkelose Lam van God in ons plek gesterf het en ons plaasvervanger was. Hy is vir ons sondes geoordeel, sodat ons nie geoordeel hoef te word nie. Hy het ons so lief gehad dat Hy ons 60 miljoen rand skuld aan die kruis gekanselleer het. Om so `n wonderlike vergifnis en liefde te ontvang, is die minste wat ons kan doen, sekerlik om hulle wat teen ons gesondig het, te vergewe.

God se boodskap is baie duidelik, as ons sou weier om `n ander te vergewe, handig ons onsself oor aan die pynigers, a.g.v die slegte keuse wat ons gemaak het. Hoeveel mense hou jy gebonde deur `n seer uit die verlede wat jy weier om te vergewe, alhoewel God jou vergewe het deur die dood van Sy Seun. Hoe kan jy jouself miskien verdedig en regverdig en tog weier om jou met jou broer te versoen? As jy nie wil vergewe nie, sal God jou ook nie vergewe nie, en jy kan daarvan seker wees dat jy sal ly onder die pynigers en God sal niks daaromtrent doen nie.

Deurdat jy weier om iemand te vergewe is dit asof jy jouself oordeel om in `n emosionele hel te lewe. `n Wrok vreet aan jou siel en jy word letterlik deur bitterheid beheer, soos `n verterende kanker. Die enigste oplossing is vergifnis. Vergifnis is die eerste tree na hoop, geluk, genesing en vryheid, en ek wil jou aanmoedig om daardie tree te neem. Onthou dat dit wat met jou gebeur het, nie tel nie, maar hoe jy daarop gereageer het. Jy kan verbitterd raak, of dit kan beter gaan, maar as jy toelaat dat bitterheid jou siel besoedel, begin `n proses van die dood, waarvan jy slegs verlos kan word deur die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan en dit word verkry deur jou gewilligheid om te vergewe. Vergewe en vergeet en doen dit dadelik, sodat jy verlos kan word uit die kloue van die pyniger en die vrede van Jesus kan ken.

Daar bestaan geen groter liefde deur enigeen aan `n ander bewys, as om iemand te vergewe wat nie verdien om vergewe te word nie, want dit is wat Jesus vir jou aan die kruis gedoen het. Gelowiges in Jesus is veronderstel om vol van die liefde van God te wees, tog hou ons vas aan wrokke en verbittering teenoor ons naaste vriende en soms selfs familie. Vergifnis is `n bewys van

liefde. Liefde IS vergifnis. Ons toon dieselfde liefde as Jesus wanneer ons dieselfde gebed bid as wat Hy aan die kruis gebid het., “Vader vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.” God is liefde, terwyl Satan haat is en die Bybel waarsku ons in **1 Joh.3; 15: “Elkeen wat sy broeder haat, is `n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywend in hom het nie.”** God se Woord verwag van ons om dadelik, wanneer die gebeurtenis plaasvind, te vergewe. Sommige mense sê dat hulle iets wat in die verlede plaasgevind het, vergewe het, hulle hou egter aan om hulself en almal daaraan te herinner deur aanhoudend daarvan te praat. Wanneer jy die keuse gemaak het om iemand te vergewe, neem dan ook die besluit om nooit weer daaroor te praat of die gebeurtenis met iemand te bespreek nie. Die vyand sal dit van tyd tot tyd in jou gedagtes bring, weerstaan hom in die Naam van Jesus en hy moet vlug! Sê egter vir hom dat jy dit bely het, daarmee gedeel het en dat God jou vergewe het, deur die Bloed van Jesus. Jy kan verseker weet dat die duiwel baie gou sal ophou om dit in jou gedagtes te bring, wanneer jy weier om daaroor te praat en dit as `n geslote boek te beskou.

Ons dink aan die vrou wat in owerspel betrap is, volgens Joh. 8 verse 3 tot 5 en deur die skrifgeleerdes en Fariseërs na Jesus gebring is, met die woorde: **“Meester, hierdie vrou is op `n daad van egbreuk betrap; en Moses het ons in die wet bevel gegee om sulke vroue te stenig; maar U, wat sê U?”** Nadat Hy haar lewe gered het, het Jesus gesê**, “Vrou, waar is daardie beskuldigers van jou? Het niemand jou veroordeel nie? Hierna het Hy bygevoeg, “ Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie.”(vers 11).**

Vergifnis eis `n verandering. Toe Jesus vir haar gesê het om te gaan en nie meer te sondig nie, het Hy van haar verwag om haar gedrag te verander. Vergifnis is nie swak, sentimenteel of slap nie. Vergifnis is vol medelye, maar dit vereis `n gedragsverandering, want sonder `n verandering, word die genade van God net `n ooreenkoms. As `n man sy vrou om vergifnis vra, omdat hy egbreek gepleeg het, behoort haar antwoord as volg te wees: “ Ja, maar jy sal moet verander. Ek is lief vir jou, maar deur God se genade moet jy verander.” Genade is nie `n vergunning om te sondig nie. Genade gee aan jou die geleentheid om jou sonde te bely, voordat die oordeel van God oor jou kom. Bely jou sondes en word daagliks verander na die beeld van Christus.
Hou op om te kyk hoe lank jy in sonde kan leef, onder die beskerming of die genade van God. Dit is noodsaaklik om berou oor sonde te hê en soos Jesus te leef.
Dikwels wanneer daar `n fisiese probleem is, is dit vir ons nodig om met die geestelike oorsaak te deel, want die pynigers, wat deur nie te vergewe nie, in gekom het, is gewoonlik die oorsaak van die probleem. As jy nie vergewe nie word dit `n wrok, `n wrok veroorsaak verbittering, verbittering lei na haat en haat na moord. Wrokke vernietig jou, verbittering vernietig jou en haat vernietig jou! Deur te haat vernietig jy jouself. Dikwels verdra jy nie `n persoon nie, terwyl hy onbewus daarvan, `n gelukkige lewe, sonder bekommernis en vol vreugde leef, terwyl jy jouself van binne vernietig, jouself hoofpyn, maagsere en slapeloosheid gee. Hoe dwaas kan ons nie wees nie? Waarom toelaat dat haat jou lewe vernietig? Jy het miskien `n gewonde gees en het iemand nodig om saam met jou te bid, om jou van die seer, kneusplekke en verdriet in jou gees te bevry. Innerlike genesing word verkry deur diegene, wat jou seergemaak het, te vergewe.

Daar mag mense wees, wat deur hartseer en verdriet, pyn en beproewing, `n wrok teenoor God ontwikkel het. Selfs al staan daar in die Bybel dat God nie die oorsaak van ons probleme siektes en verdriet is nie, want Hy sê**: “Ek is die Here wat jou gesond maak”,** is daar diegene wat onbewus van hierdie feit is en hulle blameer God vir dit wat die duiwel gedoen het. Ons lees in **Joh. 10 vers 10: Die dief (duiwel) kom net om te steel, te slag en te verwoes. EK (Jesus) het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.** Daar is steeds baie mense wat God blameer vir die vernietiging wat in hul lewens gekom het, wat deur die duiwel veroorsaak is, tog is dit in die Bybel baie duidelik dat Jesus gekom het om die wil van die Vader te doen, en oorvloedige lewe te gee aan diegene wat in Jesus glo. Siekte en dood is beslis die teenoorgestelde van oorvloedige lewe. Indien jy deur onkunde, onbewustelik God blameer het vir tragedies in jou lewe, is dit nodig dat jy berou sal hê oor jou houding teenoor God. Vertel aan Hom dat jy nie besef het dat Hy nie die oorsaak van jou pyn en smart was nie, maar dat dit die vyand van jou siel was. Vra Sy vergifnis, omdat jy Hom vir die vyand se werke blameer het en herbevestig dat jy weet dat Hy `n goeie God is en dat alles wat sleg is van Satan af kom. Vertel aan Hom dat jy Hom vertrou en dat jy weet dat Hy oorvloed in jou lewe sal bring volgens Sy doel en wil vir jou, want jy onderhou Sy opdragte.

Laat ons jou weereens herinner aan die noodsaaklikheid om ander te vergewe. Eerstens, as jy nie vergewe nie, sal jy nie vergewe word nie **(Mark. 11:25).** Tweedens, vergifnis is noodsaaklik om genesing en bevryding te ontvang. Derdens, vergifnis gee aan ons die vrede wat alle verstand te bowe gaan en verwyder skuld en vrees. Vierdens, vergifnis verwyder jou vyande. Laastens, vergifnis genees gebroke huwelike, gesinne en vriendskappe. Jy moet andere vergewe, want jy weet nooit wanneer jy of `n gesinslid deur `n ander vergewe moet word nie. Wat ons saai sal ons maai en wanneer ons genade bewys, sê God se Woord in Matt.5 vers 7 sal ons barmhartigheid (genade) verkry.

Hoe vergewe ek iemand wat my seer gemaak het ?

As jy volkome vry en vol van die liefde van Jesus wil wees – as jy genees wil wees na gees, siel en liggaam, moet jy ALMAL, teenoor wie jy enige wrok voel, vergewe! Vra die die Naam van Jesus om aan jou die name te gee van die wat jy moet vergewe. Verwyder jouself van die gewoel en gewerskaf om jou en soek God se aangesig in gebed. God se Heilige Gees sal jou herinner aan elkeen wat jou vergifnis nodig het. Bid vir elke persoon in die besonder, wat God aan jou sal gee. Moenie haastig wees nie en stel elkeen individueel vry. Hierna moet ons God se seën op elkeen wat ons vergewe het, afbid. Deur dit te doen sal ons Sy genesing en bevryding ervaar.

Vergifnis is nie opsioneel nie, dit is noodsaaklik. Weereens wil ek jou daaraan herinner dat vergifnis nie `n emosie is nie. Dit is `n keuse, `n besluit wat jy in gebed neem. Jy kan `n soortgelyke gebed as hierdie een bid:

My Hemelse Vader, U weet dat ek `n wrok en haat koester teenoor **_____.** Ek besef dat dit `n sonde is en ek het berou. Ek kies, deur `n handeling van my wil, om _____ onvoorwaardelik te vergewe, ongeag die seer wat ek ervaar het. Omdat U gekies het om my te vergewe, toe ek dit nie verdien het nie, daarom vergewe ek hom/ haar, alhoewel hy/sy nie vergifnis verdien nie. Dankie vir U genade, wat my in staat stel om dit nou te doen en dankie vir U belofte om my van elke wrok en haat te reinig en my in staat stel om hom/haar lief te hê met die agape liefde van Jesus.

Hierdie gebed is slegs `n voorbeeld, jy mag dalk nog byvoeg soos die Here jou in gebed lei. Die belangrikste saak is nie of ons voel om te vergewe nie, maar of ons kies om te vergewe. Want as ons gewillig is om te vergewe, en die keuse maak, sal God die begeerte om te vergewe en die noodsaaklike liefde in ons harte plaas.

Jes. 61 vers 1 praat van Jesus en verklaar dat Hy gekom het om die gebrokenes van hart te verbind, om vir die gevangenis `n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis.
Hy het vergifnis verkondig, Hy het vergifnis toegepas, en vir ons vergifnis gesterf, en daar is nou geen verskoning vir jou om nie te vergewe nie! Deur dit te doen sal jy genesing, vrede en `n nuwe vryheid ondervind wat jy nog nie teëgekom het nie, waarvan jy nie gedroom het nie, omdat die pyn, seer uit die verlede en slegte herinneringe nie meer sal bestaan nie.



Skatkis

Werp jou brood uit op die water, want ná verloop van baie dae sal jy dit vind (Pred. 11:1).

Ons is nie geroep om vir onsself te leef nie. As God se kinders is ons eerstens deel van Sy liggaam, wat as ‘n eenheid moet werk om die ander dele te bemoedig en op te hef met die doel om na die wêreld uit te reik.

Wat ons ookal het, geestelik of materieel, het Sy watermerk. Alles is deur Hom gegee en is Syne om uit te deel. Ons is net die rentmeesters. Soms kan ons in ander se lewens saai en nie ‘n onmiddellike beloning ontvang nie.

Hy het in **Lukas 6:38** gesê: “**Gee, en aan julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word.”**

Alles wat in die Meester se Hand gegee is sal gebruik word en vrugte dra, selfs as ons beloning nie dadelik kom nie of miskien in ‘n ander vorm as wat ons verwag het!

THE FOLLOWING **AUDIO BOOKS** ARE NOW AVAILABLE ON OUR WEBSITE
(Click to view)

‘n Suksesvolle Huwelik
Bybelse Antwoord oor Genesing
Besluite
Die Krag van Vergifnis
Die egte en die misleide Christelike Kerk
Die Naam van ons God
Goddelike Wysheid vir die Mens
Die Feestye van die Here
Ken Jou Vyand
Die Tweesnydende Swaard
God Eis ‘n Heilige Lewe
Hoe belangrik is die Ou Testament
Getuienisse—Volume 1
Die Bybel en siektes
Geloof soos n Mosterdsaad
Paulus se doring in die vlees
Hoe moet ek Bid
Israel of Ishmael
Geloofsbrood vir die Somer
Hoe kan ek verlos word van vrees?

UIT ONS KANTOOR

Geliefde,

Het jy geweet dat die wederkoms van Jesus Christus nie op die tydlyn van Amerika gebaseer is nie? Dit is gebaseer op wat in Israel gebeur. Het jy geweet dat Jesus nie ‘n “Christen” was nie? Hy was ‘n Jood. Hy het die Joodse heilige dae, asook die feetye van die HERE onderhou. Hy het nie gekom om die skrifte van die Profete/ Ou Testament te vernietig nie. Hy het gekom om die profesieë, wat daarin geskryf is, te vervul. Met Jesus se wederkoms sal Hy nie na die Verenigde State terugkeer nie. Die Bybel sê dat Hy sy voete op die Olyfberg sal plaas en deur die Oostelike Hek, wat tans met 16 voet sement verseël is, sal ingaan. ‘n Begrafplaas is ook voor die hek geplaas, omdat die Jode as onrein beskou is wanneer hulle ‘n dooie aangeraak het en nie toegelaat is om die Tempel binne te gaan nie, wat as Heilig beskou is. Die Woord van GOD sê dat Hy daarheen sal terugkeer en van daar vir 1,000 jaar sal regeer. Die finale geveg sal nie op die Verenigde State se grond gebied plaasvind nie. Dit gaan in die Vallei Van Megiddo, in Israel wees. Die Bybel sê dat wanneer die nasies teen Israel veg, sal Jesus kom en Sy vyande vernietig met die asem van Sy mond **(2 Thess. 2:8)**. GOD het nie die Jode met Chrisrene vervang, soos sommige glo nie. Ons is in werklikheid op hulle ingeënt, soos ons ‘n wilde tak op ‘n bestaande boom inent. Die Woord van GOD sê: “Wanneer julle Israel aanraak raak julle **die Appel van GOD se oog aan” (Sagaria 2:8). “Kyk, die Bewaarder van Israel sluimer of slaap nie. Die Here is jou Bewaarder” (Ps. 121:4-5). “En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek” (Gen. 12:3).** Ons word ook beveel om vir die vrede van Jerusalem te bid in **Ps. 122**. ISRAEL is belangrik.

Baie dankie vir julle liefde en ondersteuning. Laat ons almal vir Israel bid.
Baie liefde

Meg Van Zyl en die Gebedspan

Baie groot dankie

Ons bly verstom en ewig dankbaar vir wat ons Hemelse Vader in ons midde doen. Hy is meer as genoeg en onderhou Sy werk soos ons onsself beskikbaar stel.

Dankie aan elkeen van julle vir julle donasies, dit is ‘n seën vir so baie. Mag julle op elke gebied oorvloedig geseën word.

Liefdegroete
Meg van Zyl en die span

Bankbesonderhede:
Stanger Christelike Sentrum
FNB
acc 53730091667
tik: huidige/tjek
tak: 220129

MAYIM

God Always Provides A Way Out In The Midst Of Your Storm

By David Gericke (Dr James van Zyl's son in law)

Water: Mayim (Hebrew)

Water was a valuable resource in the ancient world, it was a source of power and fear, a means of deliverance and punishment and a vital element in Biblical worship.

Whoever controlled the water seemed to be stronger and have many advantages over those who needed water. Once my wife and I went with a group of seven friends on a tour into the Negev desert on camels where our guide showed us many interesting things which we would have just walked by without noticing! One of these was the markings carved into the rock at a waterhole. If you wanted to drink or water your sheep you had to get permission from the person or people that owned that water.

If we look at scripture, water can be a blessing or punishment and sometimes both simultaneously:

• Noah and his family are saved by the water while wicked humanity is destroyed (Gen 6–8).

• One of the plagues against Egypt, God contaminates the life-giving Nile (Exod 7:14–25).

• Moses and the Israelites are delivered through the Red Sea, while Pharaoh's army is engulfed by it! (Exod 14:21–29)

• Water is a means of both rescue and rebuke for the prophet Jonah.

The Disciples were caught twice in a violent storm on the same waters of the Galilee that were their livelihood, and twice Jesus saved them from the storms. Paul was shipwrecked three times as he went on his missionary trips and God protected him each time.

Right at the beginning of our Bible, God encourages us with these words. "Even in the beginning, when the World was still formless and dark, the Spirit of God was hovering over the water". (Gen 1:2). The earth was without form and void—or in "confusion and emptiness". In this chaos God's Holy Spirit hovered over the water, in other words bringing peace to chaos. Where there was great turmoil on the face of the earth, God quieted the storm! Sound familiar? The Disciples, seasoned fishermen, had to deal with a violent storm twice. It must have been some storm to frighten these watermen and twice Jesus comes to their rescue. Firstly, He is on the boat with them, secondly He comes to them walking on the water, two completely different scenarios, showing us that the storms we face may look different but the fear is the same. The enemy comes to rob, kill and destroy but Jesus said He has come to give us life and life more abundantly! (John 10:10) In the midst of the storm, being tossed to and fro, it may feel like you are standing alone, maybe abandoned, chaos may seem like the order of the day but let me encourage you with these words "The Spirit of God IS hovering over the waters"! Firstly we need to quell the storm (fear or anxiety) in our minds, Phil 4: 6 "Be anxious for nothing, but in everything by prayer and supplication, with thanksgiving, let your requests be made known to God; 7 and the peace of God, which surpasses all understanding, will guard your hearts and minds through Christ Jesus". The battlefield is the mind, this is where most of our battles start! If you do not take your thoughts captive to the obedience of Jesus Christ, they will take you captive! (2 Cor 2:10-5)

Acts 27 tells us the story of Paul who appealed to go before Caesar and make his case known to him. It was decided to go by boat… remember that Paul was a prisoner and would have been placed in the hull of the boat. He would have been regarded as the lowest possible person on the boat, but as the story continues, we see Paul goes from the lowest to almost being in charge of the boat and people aboard. The storm never lets up, in fact it gets worse and more dangerous and the people with all their sailing knowledge and experience are doing all they can to save the boat and themselves, but nothing is working! Paul, I believe guided by the Holy Spirit, does not

become fearful, he does not allow the situation to dominate his thinking which would impact his actions. He shares the truth with them… “Men,” he said, “I believe there is trouble ahead. If we go on we risk shipwreck, loss of cargo, and danger to our lives as well!” (Verse 10) Unfortunately his warning falls on deaf ears. What could a Jewish Rabbi know about sailing and weather, after all there were more experienced people on board! The officer in charge of the prisoners listened more to the ship’s captain and the owner than to Paul. (Verse 11) Doesn’t that sound like the world we are living in today? What could these Christians possibly know about life and humanity? Verse 14 But the weather changed abruptly, and a wind of typhoon strength (called a “Northeaster”) burst across the island and blew us out to sea. 15 The sailors couldn’t turn the ship into the wind, so they gave up and let it run before the gale. Sadly this is true of so many of our lives. We are warned not to get entangled in the affairs of this World (the thorns) we play with sin and sooner or later we are swept away with it, unable to steer clear of danger and instead we go with the flow! James 1: 8 Their loyalty is divided between God and the world and they are unstable in everything they do. Even though these sailors were doing everything right, if they had just heeded the Word of the Lord given to Paul, they would be in a safe harbour. Verse 20 Now when neither sun nor stars appeared for many days and no small tempest beat on us, all hope that we would be saved was finally given up. When we are beaten down and chaos seems to reign in our lives the first thing we do is blame God, then all those around us and of course say, “No one understands me”. If we don’t heed God’s word, it’s not a light to our path or the measuring stick of our lives. People say all roads lead to God … yes they do, but then what? All hope that we would be saved was finally given up. Like me, some of you may have needed to hit rock bottom before you let God’s Word change your life! Praise the Lord He never gives up on us. Jesus says come unto me all you who labor and are heavy laden… come to Him today. Follow His lead, ask Him into your heart and surrender all to Him!

Verse 21 No one had eaten for a long time. Finally, Paul called the crew together and said, “Men, you should have listened to me in the first place and not left Crete. You would have avoided all this damage and loss. 22 But take courage! None of you will lose your lives, even though the ship will go down. 23 For last night an angel of the God to whom I belong and whom I serve stood beside me, 24 and he said, ‘Don’t be afraid, Paul, for you will surely stand trial before Caesar! What’s more, God in his goodness has granted safety to everyone sailing with you.’ 25 So take courage! For I believe in God. It will be just as He said. 26 But we will be shipwrecked on an island.”

Encouraging words… “But take courage” … “Don’t be afraid”… “So take courage”…”Believe in God!”

While the sailors were working hard at keeping the boat afloat, Paul was wrestling in prayer, not only for himself, but with fervent prayer for all who were on the ship and God heard him, “giving him” all that sailed with him. This is such a lesson in intercession. In the midst of chaos we get so caught up in our own problems that we forget about those around us. Even though Paul was a prisoner he still prayed for those over him! James 5: 16 Confess your trespasses to one another, and pray for one another, that you may be healed. The effective, fervent prayer of a righteous man avails much. Paul said to them Act 27: 25 So take courage! For I believe God! It will be just as He said. “Believe” here is exercising your faith. The word “Faith” in Hebrew is Emunah, which means Faithfulness. It is an action word. Paul is acting on the Word of God … he is faithfully applying it to his life situation and calling!

Verse 30 Then the sailors tried to abandon the ship; they lowered the lifeboat as though they were going to put out anchors from the front of the ship. 31 But Paul said to the commanding officer and the soldiers, “You will all die unless the sailors stay aboard.” 32 So the soldiers cut the ropes to the lifeboat and let it drift away. There are always those who don’t listen to Truth, they have their own agenda, ideology, know better, as these sailors who were moved only by what they could see by their own reasoning! If these sailors had lowered the lifeboat and moved away, I believe it would have sowed seeds of doubt in the hearts of the other people and a munity could have taken place, resulting in disaster on board! The Angel of God had spoken to Paul, he and the other men would be saved. They could not be saved their way. It was a question of believing that God would save them or not believing and taking matters into their own hands. Paul had told them that he believed God and he tells them that if they want to be saved, all will need to stay on board the ship.

Verse 33 And as day was about to dawn, Paul implored them all to take food, saying, “Today is the fourteenth day you have waited and continued without food, and eaten nothing. 34 Therefore I urge you to take nourishment, for this is for your survival, since not a hair will fall from the head of any of you.” 35 And when he had said these things, he took bread and gave thanks to God in the presence of them all; and when he had broken it he began to eat. 36 Then they were all encouraged, and also took food themselves. 37 And in all we were two hundred and seventy-six persons on the ship. 38 So when they had eaten enough, they lightened the ship and threw out the wheat into the sea. This scripture has got so much truth in it and I don’t want to over spiritualize it. I would like to think that maybe these men were fasting but I think that would be pushing the story. They definitely did not believe in Jesus! Here Paul encourages them by being an example. He encourages them to eat, to help with their strength and stamina. “And when he had said these things, he took bread and gave thanks to God in the presence of them all and when he had broken it he began to eat. Then they were all encouraged and also took food themselves.” This is not the Lord’s Table but I believe it was done in the same spiritual mindset as Paul would have celebrated the Lord’s Table. The key here is that he gave “Thanks” this is so important for us as Believers. What was Paul thankful for? The Word of God, the boat they were on, the food that was provided for them, the coming deliverance from the violent storm they were in. He was trusting God’s words even though they were still in the thick of the storm. “Then they were all encouraged and also took food themselves. “ Paul has moved from being in the hull of the ship to the deck and is encouraging these 276 souls who were all hanging onto Paul’s every word! 1 Thess 5: 15 See that no one pays back evil for evil, but always try to do good to each other and to all people.
16 Always be joyful. 17 Never stop praying. 18 Be **thankful in all circumstances**, for this is God’s will for you who belong to Christ Jesus. 19 Do not stifle the Holy Spirit. 20 Do not scoff at prophecies, 21 but test everything that is said. Hold on to what is good. 22 Stay away from every kind of evil.

Verse 39 When morning dawned, they didn’t recognize the coastline, but they saw a bay with a beach and wondered if they could get to shore by running the ship aground. 40 So they cut off the anchors and left them in the sea. Then they lowered the rudders, raised the foresail, and headed toward shore. 41 But they hit a shoal and ran the ship aground too soon. The bow of the ship stuck fast, while the stern was repeatedly smashed by the force of the waves and began to break apart. 42 The soldiers wanted to kill the prisoners to make sure they didn’t swim ashore and escape. 43 But the commanding officer wanted to spare Paul, so he didn’t let them carry out their plan. Then he ordered all who could swim to jump overboard first and make for land. 44 The others held onto planks or debris from the broken ship. So **everyone** escaped safely to shore.

Their landing was miraculous. God certainly fulfilled His promise that Paul and all the 276 people on the ship would get to land safely. God’s Word is to be believed and trusted! Many times we face threatening waters, God always shows up to provide a way out!

The message for us from these stories is that whenever we’re facing chaos or uncertainty in life, God is in control of the situation, just as He was throughout the Bible. Is something standing in the way of you receiving the peace of God? If so, remember that the Spirit of God is hovering over your situation too… ready to provide a way out!

